# Highlands Post

Yours to disco




**BEKENDE GLASHANDELAAR KRY NUWE BAAS**
Bladsy 2

**HOËRSKOOL FICKSBURG PRYSUITDELING**
Bladsy 3

**DRIE ONNIES GROET NA 20 JAAR DIENS**
Bladsy 4

*Volume 3, Number 39* | *Est. 1979* | *Friday, 30 October 2009* | 2 101010 202052 | R1.00


## FXB burn victim helped

Children of Fire, Africa's first burns charity, has invited two leading Swiss surgeons to come to Johannesburg to conduct a surgical workshop on calvarial defects, or holes in the skull.
From 30 November until 11 December Dr. Künzi and Dr Guggenheim will operate on a number of children suffering from a hole in the skull, engaging their South African colleagues to transfer their knowledge and experience.
Approximately 15,000 children in South Africa are severely burned every year. Often very young burn survivors form a bony deficit (hole) in the skull due to the body absorbing the bone when in a state of trauma. A stray football or a fall from a bike can be life-threatening because the brain is no longer protected by bone.
In January 2009, the charity sent then 6-year-old Feleng Mahamotse to Switzerland to undergo surgery to his large bony deficit. The surgeons took ribs from his body, shaped them and put the rib bone over the hole in his skull. Feleng benefitted greatly from this operation and is now a boy who can play with his friends without fear of causing severe damage to his brain.
Children of Fire felt that both the Swiss surgeons and the South African medical fraternity could benefit by sharing their knowledge and experience on how to treat these cases. The charity therefore invited the same surgeons who operated on Feleng to share their knowledge with their South African colleagues.
The workshop will start with a day of lectures, covering amongst others topics: artificial bone; the importance of food to grow healthy bones and acute burn surgery. Then the two surgeons will set to work, operating on a number of children who have a hole in their skull, caused by burns or other trauma. With this, they will give these children the chance to be carefree as a child should be.
Mitta Lebaka a Children of Fire intern and a burn survivor herself, was in Ficksburg on Thursday 29 October to collect Ernest Tshabalala (6 years of age).
The cause of the fire in which he was injured, is still a mystery.
Ernest sustained burn injuries to his face, hands, arms and chest. Children of Fire is offering to source the reconstructive surgery Ernest so badly needs and provide him with the rehabilitation he will require.
For more information on the workshop or on Children of Fire, kindly contact Mitta Lebaka on 078 594 0607 or by email firechildren-@icon.co.za



**Hierdie was die wenfoto in die algemene afdeling van Hoërskool Ficksburg se onlangse fotokompetisie.. Foto Robyn Sorour.**

## Man vas ná messtekery

'n Man is die afgelope naweek in hegtenis geneem en aangekla van moord ná die dood van 'n 25-jarige van Meqheleng.
Die saak spruit uit 'n voorval wat omstreeks 02:30 verlede Saterdag, 24 Oktober plaasgevind het.
Manyane Mokumutu is in die keel gesteek, waarna hy na die Tiboloha Hospitaal gebring is. Sy toestand was egter so ernstig dat hy is na 'n hospitaal in Bethlehem oorgeplaas moes word. Daar het hy omstreeks 09:30 Sondag beswyk.
Sy vermeende aanvaller is in hegtenis geneem op 'n aanklag van moord.
Hy het Maandag in die landdroshof op Ficksburg verskyn waar die saak teen hom uitgestel is vir verdere ondersoek.

## Setsoto Municipality sponsors festivals

The Setsoto Municipality has come up trumps, with aid to both the Cherry Festival and the Cherry Jazz Festival, which it is to sponsor to the tune of R150 000 each.
This has alleviated the pressure on the festival organizers caused by the current recession which has seen many of the sponsors cutting back on their budgets for this year's festival.
The Setsoto Municipality believes that it is imperative to assist the Cherry Festival and Cherry Jazz Festival as these two events are the biggest tourist draw cards that Ficksburg and the Eastern Free State have to offer.
Each year brings new challenges for the festival committee, which has to come up with new ideas to keep the 25 000 visitors entertained for three days, and this year's programme promises to really deliver.
The focus this year focus is on family entertainment and there is a lot planned for the kids, with plenty of entertainment every day which will include puppet shows, treasure hunts, big-eat competitions and various other contests.
Two new items on the programme are the rugby and soccer clinics to be held throughout the three days of the festival. These workshops will be presented by ex soccer and rugby players and will focus on various aspects of the games like dribbling, goal-keeping, goal-kicking, etc.
Apart from the fairies, clowns and TV characters that will keep the young ones entertained throughout the day, there will also be a farmyard with lots of farm animals which the children can touch.
Here you will also be able to see how sheep are sheered in record time.
Numerous workshops will be on offer for adults — cooking, ribbon embroidery, herbs, wedding planning, cocktails, Dala paints, goose-plucking, wine-tasting, cherry liqueur and PVC piping.
There will also be a variety of competitions for visitors to participate in throughout the day. These include cherry pip-spitting, the KFC big eat, and the Cherry Fear Factor.
Another very exciting competition to be held for the first time this year is the R10 000 Hole-in-One Mini Golf Challenge.
The tours for which the Cherry Festival has become well-known will be taking place again. There is also a tour to the Essential Oils farm outside Clocolan where you will be able to blend your own perfume.
A complete programme will be published in next week's edition of the Highlands Post.
Don't miss it!










# GLASHANDELAAR SKITTER ONDER NUWE BESTUUR

Na 23 jaar se getroue diens aan Ficksburg, het Professional Glass and Aluminium 'n nuwe baas.

Eugené en Salomé Slabbert het nou die leisels oorgeneem by die vorige einaar, Gedas Olivier.

Professional Glass and Aluminium het sy ontstaan gehad in 1986 toe Pieter de Lange die behoefte vir 'n glashandelaar in Ficksburg raakgesien het, en die eerste winkel geopen in Fonteinstraat — waar Jakes Stationers nou geleë is.

In 1992 het die winkel verskuif om die hoek na Kerkstraat.

In 1995 verkoop Pieter die besigheid aan Gedas Olivier wat dit verder opbou en bedryf vir 14 jaar.

Professional Glass and Aluminium verkry die *Glasfit* akreditasie en word sodoende die enigste geakrediteerde *Glasfit*-handelaar in Ficksburg.

Die gebou waarin Professional Glass and Aluminium tans is, is vroeër vanjaar verkoop aan Shoprite Checkers en daarom moes daar dringend na 'n nuwe perseel gesoek word nadat die besigheid self aan Eugené en Salomé Slabbert verkoop is.

Die perseel op die hoek van McCabe- en Erweestraat was ideaal en daar is blitsig begin met die nodige opruiming en opknap van die perseel.

Dit het baie ure se harde werk gekos om die nuwe perseel reg te ruk en verbruikersvriendelik te maak, maar Eugené, Salomé, Dirk en Rina en hul hele span het gesorg daarvoor dat die winkel so goed daar uitsien.

Dit is opvallend hoe die vriendelikheid en gasvryheid uitgestraal word sodra jy oor die drumpel trap.

'n Riem onder die hart is die feit dat ál die vorige personeel oorgeneem word deur die nuwe eienaars en dat hulle nie sonder werk sal sit nie.

Volgens Salomé beplan hulle wél om later uit te brei en beloof om die uitmuntende diens van die afgelope 23 jaar voort te sit.



**Dirk Slabbert, Pieter de Lange (eerste eienaar), Gedas Olivier (tweede eienaar) en Eugené en Salomé Slabbert — die nuwe eienaars van Professional Glass and Aluminium — wat hul nuwe perseel op die hoek van Erwee- en McCabestraat vandag inwy.**






















































Highlands Post
Ficksburg · Bethlehem
Senekal · Clocolan
Marquard · Fouriesburg
Paul Roux · Clarens · Lesotho

Highlands Post is published by Hope Fountain Investments 48 cc 2003/054969/23 t/a Highlands Post
Physical address: Cnr McCabe and Lang Streets, Ficksburg
P O Box 133, Ficksburg 9730

louis@highlandspost.co.za
gavin@highlandspost.co.za

Editor: Louis Meyer
Copy Editor: Anne van Gelder
Managing Editor: Gavin Boy

Telephone: 051 933 3531
Fax: 051 933 3317

Photographs by Gavin Boy & Louis Meyer

Printed by Oranje Drukkers Senekal

Copyright
The reproduction without permission of any article, photograph or advertisement designed by the Highlands Post is forbidden and expressly reserved by the Highlands Post under Section12(7) of the Copyright Act, 1978.

# Hoërskool Prysuitdeling

Die jaarlikse prysuitdeling van die Hoërskool Ficksburg was weer eens een van die hoogtepunte van die skooljaar en alles het — soos gewoonlik — seepglad, met militêre presisie verloop.

Die aand is geopen deur ds Annelise de Wet — met 'n baie "funcky" haarstyl — wat die ouers aangespoor het om hul kinders beter te probeer verstaan en toe te laat om anders te wees en hul unieke persoonlikhede kans te gee om oor te borrel.

Na hierdie inspirerende boodskap het die skoolhoof, mnr Neil Humphreys, die verrigtinge geopen deur die jaarverslag uit te lig. Die klem hierdie jaar het beslis geval op die uitmuntende prestasies op beide sport sowel as akademiese gebied.

Die Hoërskool Ficksburg het vanjaar weer bewys waarom dit een van die topskole in die land is.

Mnr Humphreys het ook ouers daarop attent gemaak dat hulle meer betrokke moet wees in hul kinders se lewens en daar moet wees vir hul kinders, veral in die tye waarin ons lewe.

Invloede van buite is baie intimiderend en kinders word só maklik betrek in dinge wat verkeerd en gevaarlik is dat die skool nie alleen verantwoordelik gehou kan word om na die kinders te kyk nie.

Na mnr Humphreys se boodskap het die koor van die Hoërskool Ficksburg — onder leiding van mev Opperman en mev Viljoen — 'n paar pragtige sangitems gelewer.

Daar is gedurende die aand verskeie pryse, sertifikate en merietetoekennings uitgedeel, asook afskeid geneem van nie net die matrieks nie, maar ook drie onderwysers wat aan die einde van hierdie jaar gaan aftree. (Sien artikel elders).

Voor die belangrikste deel van die aand kon begin — die prysuitdeling — is die onderskeie rade, prefekte en komitees aangewys. Die nuwe die junior stadsraad, koshuisprefekte, verteenwoordigende raad van leerders, asook die matriekkomitee is voorgestel.

Die matriekkomitee vir 2010 is: hoofseun: Andries van Schalkwyk, onderhoofseun: Justice Anceaux hoofmeisie: Robyn Sorour, en vir die eerste keer, twee onderhoofmeisies — aangesien hulle dieselfde aantal stemme gekry het — is: Annike Pretorius en Charika Coetzee. Die res van die komittee is: Jeffrey Bruwer, Kobus van Zyl, Pierre Kriek, Igmar van Niekerk Paul Dussé, Thys Meintjes, Young-Hwan Chae, Reginald Vries, Phillipe Fouche, Bongani Maduna, Leon Michau, Marcus Harvey, Jolandi Zerwick, Nadia von Maltitz, Marietjie Kotze, Helena Buitendag, Naomi Keyser, Terina Faure, Marlee Clarke Lee-Asha Dukhi, Belinda Eilers, Aneesa Mayet en Relebohile Koenane.

Die verteenwoordigende raad van leerders (leerlingraad) is: Salmaan Noormohamed, Mpho Moloi, Martin de Lange, Cora-Doré van Niekerk, Mpho Macholo, Rusanne du Toit, Kwasi Yinkah, Candice van Wyk, Jannie Nel, Lerato Anceaux Johan Brand, Marlouw Kroukamp, Walter Mabayo en Magda Nel.

Die res van die leerders het behoorlik in antisipasie gesit en wag vir al die name om uitgelees te word en, na aanleiding van die luide applous, gille en toejuigings, klink dit of die res van die leerders heeltemal tevrede is met die nuwe leiers vir 2010.

Die grootste toekenning van die aand bly maar die aanwys van die dux-leerling vir die jaar, en vanjaar jaar het dié besondere eer gegaan aan Michelle Botha, dogter van Ferdi en Antoinette Botha.

Michelle het haar laerskoolloopbaan begin aan die Primêre Skool Ficksburg.

Op hoërskool het sy van graad agt af al uitgeblink en in haar matriekjaar het sy reg deur die jaar 'n gemiddeld van meer as 90% behaal in al haar vakke.

Michelle gaan volgende jaar haar studies voortsit by die Universiteit van Noord-Wes in Potchefstroom, waar sy B Com Regte gaan swot.

Baie geluk, Michelle, en sterkte met die studies.

Nog 'n groot hoogtepunt elke jaar is die aankondiging van die ontvangers van beurse vanuit die Billy Evert Trustfonds — aansienlike tersiêre beurse wat aan verdienstelike matrikulante toegeken is.

Daar is reeds 47 sulke beurse deur die jare toegeken en hierdie jaar het dit gegaan aan JJ du Toit en T Semekale.

Na die sing van die matrieklied en die skoollied, het die verrigtinge verdaag en die matrieks kon met gelukkige en tevrede harte gaan slaap en hulself regkry vir hul laaste eksamen.

Highlands Post wens al die matrieks baie sterkte toe met hul eksamen en alle voorspoed vir 'n blink toekoms.





**Regs: Michelle Botha — Dux-leerling vir 2009.**
**Heel regs: JJ du Toit en T Semekale wat die Billy Evert-beurs vir 2009 ontvang het.**







# JARE-LANGE DIENS AAN HOËRSKOOL FICKSBURG

**Drie staatmakers groet aan die einde van die jaar.**

Almal betrokke by die Hoërskool Ficksburg gaan binnekort met swaar harte tot siens sê aan drie van die skool se steunpilare wat aan die einde van die jaar aftree.

Daar is amptelik tydens die skool se jaareindfunksie afskeid geneem van mnr Johan Oberholzer en mevv Daantjie Pelser en Annette Barrett.

Mnr Johan Oberholzer was vir die afgelope 40 jaar by Hoërskool Ficksburg betrokke. Hy is gebore in die destydse Rhodesië en sy ouers het later teruggetrek na Suid-Afrika waar hy sy skoolloopbaan voltooi het aan die Hoër Tegniese Skool Kroonstad.

Ná skool het hy hom as vakman gekwalifiseer waar hy baie goeie ondervinding opgedoen het wat later goed te pas sou kom in die klaskamer ná hy hom as onderwyser gekwalifiseer het in Pretoria.

Hy het eers skoolgehou by die destydse Sixies (Hoër Tegniese Skool Ficksburg) waar hy bekend gestaan as "Second-hand".

Volgens dié wat weet, moet jy net sy klas bywoon om te verstaan waar dié naam vandaan kom. Hy het ook die "slide" in die klas vervolmaak en hy sê dis so maklik omdat die stof op die klaskamer se vloer nooit uitgevee word nie.

Onder sy leiding het die skool reeds drie maal aan die nasionale brugboukompetisie deelgeneem en uitgestap as Oos-Vrystaat-wenners.

Johan sal beslis baie gemis word deur al die kinders sowel as sy kollegas, maar nou kan hy meer tyd spandeer om daardie "wit balletjie" op die gholfbaan baas te raak.

Mev Daniela Pelser — of Daantjie soos almal haar ken — is gebore op Springfontein, maar word groot in Namibië. Sy het gematrikuleer aan die Oranje Meisieskool in Bloemfontein.

Aanloklike sportbeurse het haar op Bloemfontein gehou en sy gaan studeer aan die destydse BOK waar sy 'n spanlid van die senior Vrystaat-hokkiespan geword het.

Sy het begin skoolhou by die Primêre Skool Ficksburg in 1965 waartydens sy nog steeds elke naweek Bloemfontein toe gegaan het — teen 'n skamele R5 retoer — om haar plek in die Vrystaat-hokkiespan te behou en het ook in dieselfde tydperk hokkie afgerig by die Hoërskool Ficksburg.

In 1968 begin sy skoolhou by die Hoërskool Ficksburg. Die vakke wat sy aangebied het was Geskiedenis, Liggaamlike Opvoeding en Afrikaans en toe daar nie 'n Bedryfsekonomie-onderwyser was nie, het sy sommer aangebied om die vak ook aan te bied en derhalwe 'n uiters suksesvolle Bedryfs-onderwyseres geword.

Haar leerlinge sal haar altyd onthou as die "kwaai juffrou met die sagte hart" en dat sy altyd daar vir hulle was as 'n toevlug vir menige onoplosbare probleme.

Sy was 40 jaar lank "ma Pelser" vir elke dogter van die skool en niks was ooit vir haar te veel moeite nie.

Alhoewel sy nou gaan aftree, sal sy nog steeds volgende jaar 'n helpende hand gee waar sy kan.

Annette Barrett is gebore en getoë in Natal en het gematrikuleer aan Epworth in Pietermaritzburg.

Sy gradueer aan die Universiteit van Natal in Durban, waar sy ook haar man, Charles Barrett, ontmoet het.

Sy het begin skoolhou by Mitchell Girls High in Durban, maar bedank om eers haar drie dogters — wat vandag al drie mediese dokters is — te gaan grootmaak.

Nadat sy en haar gesin na die Vrystaat verhuis het, het hulle hier in Ficksburg kom wortel skiet en sy het toe by die Hoërskool Ficksburg aangesluit as Biologie-onderwyser.

Een ding waarvoor almal — veral die hoogs Afrikaanssprekendes — haar sal onthou, is die vindingryke vertalings vir hoë biologiese benaminge. Ook 'n groot bron van vermaak vir enige kind in 'n Biologie-klas.

Annette het 'n absolute passie vir haar werk en dit word duidelik uitgestraal in die liefde, admirasie en respek wat al die kinders vir haar het.

Hierdie waardes en passie wat sy uitgestraal het, kon ook gesien word in die swem-afrigting wat sy behartig het.

Annette is beslis iemand wat alles voluit en met die grootste passie aanpak en daarvoor sal sy altyd een van die Hoërskool Ficksburg se juwele bly.

Maar, soos almal weet, móét daar 'n swakpunt ook wees, en Annette s'n was natuurlik om altyd sleutels te misplaas, of selfs te vergeet om brandstof in die motor te gooi voor sy uitry plaas toe.

Annette het vir die laaste 20 jaar haar alles gegee vir die Hoërskool Ficksburg — haar tyd, passie, geduld, liefde, vrygewigheid en haar onbaatsugtige deernis en begrip vir elke kind se behoefte — dit maak nie saak wat die kind se agtergrond of status in die gemeenskap is nie. Sy sal beslis 'n groot gaping agterlaat en sal deur almal wie se harte sy aangeraak het, gemis word.



# MATRIEKS LEKKER JOLIG



Hoërskool Ficksburg se matrieks was behoorlik uit hul kassies toe hulle verlede Vrydag vir die laaste keer skool toe is.

Na 'n baie vindingryke afsluitingskonsert, is daar behoorlik geskarrel om almal se hemde geteken te kry — en ek moet bysê, party van die hemde was net so vindingryk en oorspronklik soos die klas van 2009.

# REAKSIE OP KOOPKRAG

Die reaksie op verlede week se artikel was oorweldigend.

Volgens die aantal vorms wat aan ons kantoor teruggestuur is, is daar geen twyfel dat Ficksburg se inwoners die installeering van koopkrag in die dorp 100% sal ondersteun nie.

Ons dank u vir die goeie reaksie, maar om enige ongeruimthede te vermy, vra ons dat u asseblief net u naam op die vorm sal aanbring.

Die vorms wat ons reeds ontvang het sal wél aanvaar word, maar die vorms wat van nou af ontvang word, moet asseblief 'n naam bevat om dit sodoende kredietwaardig te maak.

Ons gaan hierdie vorms aan die munisipaliteit oorhandig, en om dit geloofwaardig te maak, kan ons ongelukkig geen afskrifte (fotostate) aanvaar nie. Slegs die oorspronklike vorm en fakse sal aanvaar word.

Ons dank u vir die reaksie en samewerking.

**Maak slegs 'n kruisie by u keuse vir elektrisiteitsverbruik in die Ficksburg area.**

- Sal graag wil oorskakel na die koopkragstelsel. ☐
- Verkies die huidige meterstelsel. ☐

Naam: ____________________

Sny hierdie vorm uit en besorg terug by die Highlands Post-kantoor, h/v McCabe & Langstraat of faks na 051 933 3317

## SMALLS

**ROCK REVIVAL MINISTRIES:** (Cnr of Church and Erwee Streets, Ficksburg) service times: Wednesdays 19:00, Sunday mornings 10:00 and Sunday evenings 17:00. Tel: 051 933 2234. www.rockrevival.org

**HUISHULP:** Betroubare huishulp soek dringend ander werk. Huidige werkgewer verhuis. Skakel Annelie Earl: 083 227 8694.

**WEGNEEM-ETES:** Vir heerlike daaglikse wegneem-etes teen bekostigbare pryse. Gratis afgelewer. Skakel Mariaan: 0728447789.

**LOST DOG:** Black and Tan Alsatian got lost on Monday at cnr. McCabe and Bloem streets. Distinct white markings on hind legs. Responds to name Biccardi. Please call Jan Lyon on 084 231 8076.

TE KOOP: 2007-Model Ford Bantam bakkie met kappie. 64 000 km, lugreëling, radio/cd-speler. R68 000 onderhandelbaar. Skakel: 082 920 5551/051933 6486.













